

Die Nagtelike belewenisse van die skippers

160

Toe gaan ons almal rondom die skippers op die sagte gras sit. Slegs Rafael bly staan, en 'n skeepskneg sê aan hom: "Jongeling, gaan sit tog ook, die gras is vir elkeen en geen mens hoef iets te betaal om daarop te mag sit nie!"

[2] **Die engel** sê egter: "Gaan julle maar aan met vertel, ek sal wel gaan sit as ek moeg word van die staan! Bowendien kan dit gebeur dat daar een van julle sy ewewig verloor, en dan is ek gouer byderhand om so iemand weer op die been te help."

[3] **Die een skipper** sê: "Ja verseker, vyftienjarige melkmuil! Jy is jou luier nog maar net kwyd en dan dink jy jy is sterk genoeg om een van ons op te tel as hy sou val? My aarde, dit getuig van selfoor-skatting!"

[4] **Die engel** sê: "Begin nou eers maar gou volgens die wens van die Meester te vertel, die ander sal ons dan wel sien as dit in die ergste geval nodig sou blyk!"

[5] Die ietwat ruwe skeepskneg neem genoeg daarmee en die leier van die skeepsknegte vertel die volgende: "So ongeveer om en by die eerste nagwaak word dit vreemd genoeg opeens so lig soos die dag. Ons sien egter nêrens iets wat lig gee nie en dink toe dat daar agter die berge seker 'n reusagtige Bengaalse vuur moes brand, waardeur die lug so lig geword het. Die lig was net duidelik te sterk om afkomstig te kon wees van 'n Bengaalse vuur; maar wat dit dan ookal was, die lig het byna die hele nag geduur, en het verskeie kere so sterk geword dat ons gedink het dat dit reeds ligdag was. U verstaan wel dat dit vir ons daarby tog spookagtig was. Uit die stad uit kom daar ook verskeie mense na ons toe en hulle dink toe dat dit die see was wat so 'n lig uitgestraal het.

[6] Maar baie gou gewaar ons 'n ander verskynsel en dit was nog baie meer merkwaardig! Ons wil nou almal die see van nader gaan bekyk. Edoch - ek vra jou om ons nie nou uit te lag nie! – en daarin is toe geen druppel water meer nie, en ons skip lê op die droë bodem; ons was in staat om in die totale diepte van die see in te kyk. Dit was ysingwekkend! Ons skip het op 'n vooruitspringende rots gerus, maar aan alle kante van die rots was daar 'n afgrond van enkele honderde manshoogtes. Daar in die baai by Genésaret is dit deurgaans maar vlak, en daar het ons rondgeloop en 'n hoeveelheid baie mooi en seldsame mossels en slakke versamel.

[7] Toe ons egter baie onskuldig met die versameling besig was, sien ons meteens 'n felle bliksem, wat deur 'n ontsettend harde donderslag

opgevolg word. Ons vlieg hals oor kop na die oewer toe, vergeet daarby ons mooie versamelde mossels en durf hulle toe ook nie meer gaan haal nie, en hulle het dus daar gebly waar ons hulle gevind het, behalwe 'n paar wat ek in my sak gestee het. Maar pas nadat, so ongeveer in die derde nagwaak, die see weer soos voorheen die oewers vul en bespoel, begin dit ons steeds meer besig te hou wat daar met hierdie tog behoorlike groot see kon gebeur het, om opeens so heeltemal tot op die laaste druppel te kon leegloop!

[8] Toe vertel 'n ou man, wat ook hier woonagtig is, dat die berg- en luggeeste wat boos geword het, dit doen, om die watergeeste op die manier te straf! Ons het wel daarvoor gelag, maar in die nood is 'n slegte verklaring darem beter as heeltemal niks nie. So ongeveer in die vierde en laaste nagwaak word dit toe skielik heelwat donkerder, en ons gaan in ons skip in om te slaap. Toe ons wakker word, staan die liewe son altaamlik hoog en ons het gegaan om ontbyt te geniet. - Dit is in kort alles wat ons in hierdie nag beleef en opgemerk het."

Die skeepskneg en Rafael

161

Toe die leier van die skeepsknegte sy verhaal beëindig het, wou die ruwe skeepskneg van voorheen die mossels, waarvan ook hy 'n paar daarvan in sy haas saamgeneem het – dit wil sê, opgetel het op die droë seebodem - uit die skip gaan uithaal. Deur 'n ietwat onhandige stap gly hy toe hy aan boord gaan en lê lank uitgestrek asof hy altyd daar gelê het. Toe begin **die ander knegte** hom uitlag en sê: "Hy bly tog maar steeds 'n ou onhandige kêrel!" – Die een wat nog op die grond lê vererg hom.

[2] **Rafael** spring egter dadelik op hom af, help hom gou weer op die been en sê: "Sien jy nou waarom ek bly staan het? Want ek het jou al vooruit gesê dat jy vandag sou val; en nou het jy ook geval, en ek, jou swakke melkmuil, kon jou, ek hoop vinnig genoeg van die grond af optel en jou so weer die onbelemmerde gebruik van jou onhandige voete teruggee!"

[3] **Die skeepskneg** brom agter sy volbaard: "Nou ja, dit is goed so, maar sulke seuns is ook dikwels vol agterbakse, onnutsige streke en sorg daarvoor dat een van ons iets oorkom! O, ek ken die straat-sluipers goed! Origens skyn jy wel 'n betroubare seun te wees - maar jy is nou eenmaal 'n seun en dit is genoeg! Elke seun het maar altyd iets onnutsig in hom. Bly daarom maar altyd op die minste drie treë van my af!"

[4] **Rafael** sê: "Vriend, jy vergis jou ontsettend met my! Maar ek vergewe jou dit, want jy weet nou eenmaal nie wie jy voor jou het nie."

[5] **Die skeepskneg** sê: "Nou, nou, wat kan iemand op so 'n vyftiende jaar dan ookal wees? Hoogstens 'n prins uit Rome of êrens anders vandaan! Of is jy miskien so 'n bietjie 'n almagtige aanhangsel van ons liewe Meester?"

[6] **Rafael** sê: "Ja, ja, iets dergeliks! - Maar gaan haal nou maar jou mossels uit die skip!"

[7] Die knorrige skeepskneg gaan nou die skip in en kom binne enkele oomblikke weer terug en laat ons na hulle kyk.

[8] Die drie eksemplare was baie mooi, maar het natuurlik geen uitsonderlike waarde nie, en **Rafael** sê aan hom: "As aandenking is hulle goed genoeg, maar waarde het hulle nie! Wat gaan jy nou daarmee doen?"

[9] **Die skeepskneg** sê: "O melkmuil! Met hierdie soort praatjies kan jy goed bespiegel, maar geen gryse skipper vang nie! Jy sal hulle graag verniet wil hê, maar ou Dismas is nie so dom as wat hy miskien lyk nie! Hierdie drie stukke kos drie silwerstukke en word vir geen penning goedkoper afgestaan nie. As jy die drie silwerstukke het, gee hulle dan, dan gee ek jou hierdie drie mooi eksemplare daarvoor!"

[10] **Rafael** sê: "Die drie silwerstukke stel vir my niks voor nie, maar dat jy iets wil verkoop, wat goed beskou nog nie eens volledig jou eiendom is nie, dit vind ek nie korrek nie! Kyk, in hierdie baai het van ouds af slegs die inwoners van Genesareth die reg om vis te vang, of diegene aan wie hulle dit verpag het. Jy het daarom hierdie drie mossels op die grond van Ebahl, wat die water in pag het, gevind, en hulle is daarom, goed beskou sy eiendom. As hy hulle eers sonder meer aan jou sal skenk, dan is hulle joune en dan kan jy hulle ook as jou eiendom behandel."

[11] **Dismas** sê: "Kyk nou so 'n melkmuil! Hy praat soos 'n regter uit Rome! Jy sou vir my 'n mooi beskermmer van die reg gewees het! Jy klets my verslete mantel nog van my lyf af! - Die hele see is die werkterrein van die skipper. Wat die water hom gee, of dit nou in 'n baai of buite op die oop see is, dit behoort aan niemand anders as aan hom alleen nie, en daarmee is al jou ingestudeerde regsgronde die bodem ingeslaan! Want ons weet ook iets van die reg af! Dus drie silwerstukke - dan is die drie stukke joune!"

[12] **Rafael** sê: "Daar kan niks hiervan kom nie! Solank Ebahl nie sê dat hulle jou eiendom is nie, kan ek hulle nie van jou af koop nie!"

[13] Nou wend Dismas hom tot Ebahl en vra hom wat hy van die bewering van die seun dink.

[14] **Ebahl** sê: "Streng gesproke het Rafael gelyk, en ek sou seker hierdie drie stukke as my eiendom in besit kon neem. Maar ek maak nooit van daardie reg gebruik nie, en sal dit ook nie doen nie, en daarom behoort die drie stukke nou stoflik aan jou - maar geestelik behoort die hele aarde tog aan Elohim die Meester en hierdie drie mossels dus ook!"

[15] Met hierdie antwoord is **Dismas** baie tevrede en hy vra nou aan Rafael: "Wel, hoe staan dit nou met die drie silwerstukke?"

[16] **Rafael** sê: "Hier is hulle, maar gee die drie stukke vir Ebahl, wat hulle sal bewaar as 'n herinnering aan hierdie tyd!"

[17] Dismas neem die drie silwerstukke en lê die drie stukke voor **Ebahl** neer, maar dié gee hulle aan Jarah en sê: "Hier, bewaar hulle by die ander aandeninge, vir ons sal hulle van groot waarde wees!"

[18] Heel verheug aanvaar **Jarah** die drie stukke en sê: "O, dit is wondermooie dinge! Hoe speel die heerlike glansende kleure daaroorheen! Regtig, dan kan en moet 'n mens saam met Job uitroep: 'O Elohim, hoe glansryk is U werke! Wie daar 'n oog voor het, gee hom nie aan ydel genot oor nie!' Wie leer hierdie slak om vir homself so 'n skitterende huis te bou?! Sonder balke en klippe is dit pragtiger as Salomo in al sy stralendste glansrykheid as koning!"

[19] Dan draai sy haar na Rafael en dank hom vir die mooi geskenk, maar vra hom tewens, omdat sowel die slakkehuis as beide mosselskulpe geen lewende inhoud meer het nie, waar die lewende diere was wat eens in hierdie mooie omhulsels gewoon het.

[20] En **Rafael** sê: "Liewe Jarah, die diere het al verskeie duisende jare gelede gesterf en dus ook al lankal vergaan, maar die omhulsels kan nog verskeie duisende jare bestaan, en sal nóg aan vorm nóg aan skoonheid baie inboet. Hul boustof is suiwer kalk en dit vergaan in vrye toestand, veral onder water, nooit! Soveel mag jy voorlopig wel weet; die hoëre betekenis daarvan sal jy eendag in die hiernamaals volledig leer ken!" - Jarah verbaas haar baie as hulle oor so 'n ouderdom praat.